

## PREEKSKETS: JESAJA 8:23 - 9:6

Wat sal vir jou hierdie Kersfees die beste geskenk wees? As God by monde van die profeet Jesaja sy kosbaarste geskenk aan ons beskryf, hoor ons: *“<sup>5</sup> Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.”*

Toe God bymonde van die profeet Jesaja hierdie woorde gesê het, het vrees en angs soos ’n groot donkerwolk oor hulle toegesak. Dis aan hooploses, bang en benoudes en mense wat nie doen wat God wil hê hulle moet doen nie, aan wie God ’n goeie boodskap van hoop bring. Dis ’n boodskap wat groot vreugde inhou.

GOD SE GROOTSTE GESKENK AAN ONS, JESUS CHRISTUS kan met niks anderste vergelyk word nie. Hy is soveel groter as die grootste GROOT, soveel mooier as die mooiste MOOI...

Om iets van hierdie skoonheid en waarde van Jesus Christus te verstaan, is nie iets wat die wêreldse boeke aan jou kan leer nie. Ook is dit nie iets wat ek en jy kan verstaan deur ’n leeftyd se navorsing of deur lang redenasies nie. God die Heilige Gees moet Christus in jou hart aan jou bekend maak...

**“Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee”**. God laat sy Seun uit ’n maagd gebore word, maar op dieselfde oomblik gee Hy ook sy Seun aan ons. Jesus is ten volle mens, maar ook ten volle God. Hy is die volmaakte Middelaar wat vir ons sondes kan instaan;

**“Hy sal heers”**. Jesus is die gestuurde Verlosser wat God se plan van verlossing stiptelik aan die kruis kom uitvoer het. Hy is die opgestaande Here, Koning van alle konings;

**“Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman”**, want sy heerlikheid en skoonheid strek van ewigheid af. ’n Ewigheid voor God besluit het om die aarde te skep, was die Seun al daar. *“Alles is deur Hom en vir Hom geskep.”* (Kol. 1:16);

**“Magtige God”**. In al sy woorde het Jesus van Nasaret ons geleer en in al sy daade het Hy gewys dat Hy is wie Hy sê Hy is. Hierdie Jesus het uit die dood uit opgestaan en is die *“Magtige God”*;

**“Ewige Vader”** Met hierdie woorde moet ons Christus sien as die een wat in tyd en wêreld God se ewige raadsplan tot uitvoer bring en wat nougeset in beheer van die geskiedenis is;

**“Vredevors”** Die vrede wat Christus bring en wat alle verstand te bowe gaan, bring die Vader na sy kind en God se kind na sy hemelse Vader en alles wat sedert die sondeval onvrede bewerk het, is uit die weg geruim, is opgeklaar. Nou is daar vrede tussen ons en God

Mag God self die skoonheid en die waarde van sy Seun wat Hy aan ons geskenk het, deur sy Gees in jou hart aan jou bekend maak.

## **BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE ONS BEDIENING IN ONTDEKKERS**

Die ouderlinge het op hulle vergadering van 12 November besluit om die wyse van bediening in die gemeente te verander. Die redes agter hierdie besluit is:

- Die afgelope paar jaar sukkel ons om mans te kry wat bereid is om ouderlinge te wees;
- Ouderlinge sukkel om afsprake by lidmate gereël te kry;
- Ons het reeds in 2017 'n besluit geneem om Ontdekgroepe in die gemeente te vestig;
- Sedert die begin van 2018 het daar nuwe Ontdekgroepe tot stand gekom;
- Daar is ook bestaande Bybelstudiegroepe wat reeds al vir jare bymekaar kom.

### **Die ouderlinge het dus besluit:**

- Die lidmate wat in Ontdekgroepe en in Bybelstudiegroepe vergader, sal binne hierdie groepe herderlik en pastoraal versorg word;
- Lidmate wat NIE by Ontdek- of in Bybelstudiegroepe inval nie, word in groter wyke verdeel en sal gereeld deur die ouderling en diaken vir 'n wyksbyeenkoms saamgeroep word;
- Enige lidmaat kan enige tyd 'n persoonlike afspraak met 'n ouderling / predikant reël;
- Die ouderlinge sal wel nog steeds probleme in die wyk op eie wysheid en inisiatief hanteer.

**Vir enige onduidelikheid praat met ds. Hendrik of jou ouderling.**